Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-09-29

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 17/2023

Ons het die einde van ‘n besige derde skoolkwartaal bereik. Veels geluk aan al die leerders wat tydens die Sport- en Kultuurprysuitdeling toekennings ontvang het. Ons is egter terdeë bewus dat veral in die spansporte, verskeie leerders (spanmaats) bygedra het hieraan. Baie dankie vir elke individuele leerder (spanmaat) se betrokkenheid by aktiwiteite. Die grootste teleurstelling is seker ons jaarlikse sportdag wat weens die ongure weer nie kon plaasvind nie. Ons is egter verheug oor die goeie reën wat ons ontvang het en die vooruitsig dat ons damme daagliks voller word. Ons kinders kry nou ‘n welkome skoolvakansie – rus lekker uit. Die skool heropen weer op Dinsdag 10 Oktober.

Leerlingraad 2024: Veels geluk aan die volgende leerders wat tot die leerlingraad van 2024 verkies is:

Alers, Lucia	Nhlapo, Nonzuzo	Bokelmann, Evan	Lovemore, Scott
Botes, Lienka	Pienaar, Michelle	Botha, Alex-Zander	Maulgas, Daniël
Cilliers, Ella	Steyn, Elsa-Mari	Du Plessis, Skylar	Swarts, Nayhum
Fourie, Giano	Vermaak, Mieke	Geldenhuys, Luan	Venter, Juhan
Maritz, Annanina	Vumazonke, Lesedi	J. v Rensburg, Hanro	
Ndololwana, Silubonile	Wait, Jani	Koekemoer, Kian	

Akademiese Rapporte / Ouer-onderwyser vergaderings: U kind het vandag sy akademiese rapport vir die derde kwartaal ontvang. Gaan dit asb. noukeurig deur. Daar sal ‘n geleentheid wees om u kind se akademiese vordering op Donderdagaand 12 Oktober tussen 17:30-19:00 in die skoolsaal te bespreek. Briewe in die verband word saam met die akademiese rapporte uitgegee.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Buitemuurse aktiwiteite: Alle aktiwiteite hervat weer op Maandag 16 Oktober.

Veldskool 2024: Die jaarlikse veldskool vir ons Gr. 6-leerders vind vanaf Maandag tot Woensdag (16-18 Oktober) plaas.

Akademiese prysuitdeling: Hierdie spoggeleentheid vind op Donderdag 26 Oktober plaas. Pryswenners sal vroeg volgende kwartaal briewe in hierdie verband ontvang.

Algemene begrotingsvergadering 2024: Die jaarlikse begrotingsvergadering om 2024 se skoolbegroting goed te keur vind op Donderdag 2 November om 17:30 in die skoolsaal plaas. Alle ouers word hiernatoe uitgenooi. Die voorgestelde begroting sal reeds vanaf Vrydag 13 Oktober in die kantoor by die skool besigtig kan word.

Eksamen: Ons Gr. 7-leerders begin hul eksamen op Donderdag 9 November. Die Gr. 4-6-leerders begin hul eksamen op Dinsdag 14 November. Alle leerders skryf tot Donderdag 23 November. Die eksamen afbakening sowel as die eksamenrooster sal volgende kwartaal voorsien word. Daar sal vanaf Maandag 27 November tot aan die einde van die akademiese jaar geen formele akademiese klasse by die skool aangebied word nie. Leerders ontvang op Woensdag 13 Desember hul akademiese rapporte tussen 07:00-09:00 in die skoolsaal.

Stulting Speletjiesdag: Ons hou op Vrydag 24 November, die dag nadat die eksamen voltooi is, ons speletjiesdag.

Ons Tuiste Jeugkompetisie: Ons Tuiste het tesame met hulle groot basaar vir Saterdag, 30 September 'n inkleurkompetisie (Gr. R-2) en gediggie en tekeninge (Gr. 3-7) vir fondsinsameling geloots. Sien asb. die skool se plasing in die verband op die WhatsApp Broadcastgroep. Die leerders sal prentjies en bladsye hiervoor saam met hulle rapporte ontvang. Kompetisiereëls word in die bg. plasing verduidelik.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Akademiesetoer: Sommige van ons leerders woon vanaf Maandag tot Vrydag (2-6 Oktober) die jaarlikse akademiesetoer by. Hulle besoek die Suid-Kaap en woon verskeie aktiwiteite by. Sterkte aan die leerders sowel as die personeel wat die leerders vergesel.

Herwinning (Tetra pak): Baie dankie vir die hope boksies (bv. Langlewe melk, sap of vla boksies) wat reeds skool toe gestuur is. Versamel en hou dit gedurende die vakansie en stuur dit asb. skooltoe wanneer die vakansie verby is. Verwyder die doppie, druk die boksies plat, sit die proppie terug en stuur die boksie saam met u kind skool toe. Vir elke 30 boksies wat jou kind insamel mag hul gewone klere skool toe dra.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF